

Omgeepapier 12 - 17 Maart 2023

Markus 14:1-11 Jesus se salwing!

1. Lees Mark 14:1 en 10 - **Wat het die Jode en Judas gedink het Jesus op aarde kom doen?**

2. **Wat gebeur wanneer iemand 'gesalf' word?** Lees Eks 29:7-9 (Priesters se salwing / wyding / 'heiliging'); Lees 1 Sam 16:3 en 13 (Dawid se salwing); **Gevolgtrekking >>> Salwing = 1. toerusting deur die Heilige Gees vir 'n Goddelike Taak, 2. iemand 'n Instrument in Die Here se Hand;**

3.1 Lees Mark 14: 3 en 8 ('die vrou' salf Jesus) **Wat was die doel / waarvoor is Jesus gesalf? / Wat beteken "gesalf vir My begrafnis" / Wat het Jesus regtig kom doen op aarde?**

3.2 Lees ook Luk 22:41-43 (Jesus bid in Getsemané) – **Deur Wie is Jesus eintlik gesalf vir Sy kruisiging?**

3.3 Lees Luk 3:21-22 en 4:1-2 - **Waarvoor is Jesus gesalf / toegerus by Sy doop?**

4. Lees Gal 5:22 (Vrug van die Gees) **Besef jy hoe "ons" 'n instrument in die Heilige Gees se hand kan wees / Waarvoor 'salf' die Heilige Gees ons / Wat is ons (dws my en jou) verantwoordelikheid teenoor ander mense?**

5. Waarvoor het jy **gebed** nodig / vir wie anders kan ons bid? / Waarvoor kan ons saam met jou **dankie** sê?

6. Vir selfstudie:

6.1 (Lees wat sê Paulus – in Rom 10:14&17 Geloof kom deur te hoor); Lees Hand 10:34 en 44-45 (Heidene kom tot bekering); Lees Rom 8:26 en 27; Jak 5:13-16 – **Wat gebeur eintlik in 'n seremonie / geleentheid soos salwing / hande-oplegging, doop, besnydenis, prediking, gebed?**

6.2 Interessant van Saul se Salwing – 1Sam 10:1-7

6.3 As ons 'iets' / ons besittings 'salf' wat doen ons eintlik?! So, kan / mag ons dit regtig doen?